# DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

**No. 817** **27 April 1984**

WET OP OORLOGSGRAFTE EN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE GEKONSOLIDEERDE GEBIED WAT BEKEND STAAN AS DIE GROOT CONSTANTIA-STAATSLANDGOED, MET INBEGRIP VAN DIE GROOT CONSTANTIA- EN DIE HOOP OP CONSTANTIA-OPSTAL EN AL DIE BUITEGEBOUE DAAROP, GELEË TE CONSTANTIA, KAAPSTAD

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Oorlogsgrafte en Nasionale Gedenkwaardi[illegible], 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die gekonsolideerde gebied wat bekend staan as die Groot Constantia-Staatslandgoed, met inbegrip van die Groot Constantia- en die Hoop op Constantia-opstal en al die buitegeboue daarop, geleë te Constantia, Kaapstad, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die historiese Groot Constantia-Staatslandgoed, met inbegrip van die Groot Constantia-herehuis en die Hoop op Constantia-herehuis, asook al die ander buitegeboue daarop, tesame met Gedeelte 2 van Tokaistaatsbos 129 soos aangetoon op Goewermentskennisgewing 267 van 1978, gedateer 20 Oktober 1978, geleë te Constantia, Kaapstad, Kaapse Afdeling, en groot 185,5519 hektaar.

Transportaktes 217/1885, gedateer 19 Oktober 1885; 13125/1962, gedateer 24 Mei 1962; 22925/1975, gedateer 5 Augustus 1975; 29294/1976, gedateer 20 September 1976 en 35827/1981, gedateer 19 Augustus 1981.

*Historiese en argitektoniese belang*

Die Groot Constantia-Staatslandgoed het vroeër deel gevorm van die plaas Constantia wat in 1685 aan Simon van der Stel toegeken is en wat na sy dood in 1712 onderverdeel is. Die plaas Constantia met die historiese Kaaps-Hollandse herehuis daarop is in 1885 deur die koloniale regering bekom as wynproefplaas. Sedert 1975 is die landerye van die plaas Hoop op Constantia sowel as 'n gedeelte van die plaas Nova Constantia deur die Staat aangekoop. Gedeelte 2 van Tokaistaatsbos 129 wat 22,1725 hektaar beslaan het, is in 1978 tot deel van die Groot Constantia-Staatslandgoed verklaar. Die wyne wat op hierdie wynplaas gemaak word, is reeds wêreldbekend.

Die Kaaps-Hollandse Groot Constantia-herehuis wat in 1692 deur Simon van der Stel opgerig is, is op 19 Desember 1925 deur 'n brand in puin gelê. Die huis is in 1926–27 deur die argitek F. K. Kendall gerestoureer.

Die Kaaps-Hollandse herehuis bekend as Hoop op Constantia (voorheen Klein Constantia) is 'n U-vormige huis met slegs drie gewels.

Die Groot Constantia-herehuis word tans deur die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum as museum gebruik.
10/2/1086.

G. VAN N. VILJOEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

# DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

**No. 817** **27 April 1984**

WAR GRAVES AND NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE CONSOLIDATED AREA KNOWN AS THE GROOT CONSTANTIA STATE ESTATE, INCLUDING THE GROOT CONSTANTIA AND HOOP OP CONSTANTIA HOMESTEADS AND ALL THE OUTBUILDINGS THEREON, SITUATE AT CONSTANTIA, CAPE TOWN

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the War Graves and National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of National Education, hereby declare the consolidated area known as the Groot Constantia State Estate, including the Groot Constantia and Hoop op Constantia homesteads and all the outbuildings thereon, situated at Constantia, Cape Town, to be a national munument.

*Description*

The historic Groot Constantia State Estate, including the Groot Constantia manor house and the Hoop op Constantia manor house, the other outbuildings thereon, together with Portion 2 of Tokai State Forest 129 as detailed on Government Notice 267 of 1978, dated 20 October 1978, situate at Constantia, Cape Town, Cape Division, in extent 185,5519 hectares.

Deeds of Transfer 217/1885, dated 19 October 1885; 13125/1962, dated 24 May 1962; 22925/1975, dated 5 August 1975; 29294/1976, dated 20 September 1976; and 35827/1981, dated 19 August 1981.

*Historical and architectural interest*

The Groot Constantia State Estate previously formed part of the farm Constantia, which was granted to Simon van der Stel in 1685 and was subdivided after his death in 1712. The farm Constantia with the Cape Dutch manor house thereon was acquired in 1885 by the colonial government as an experimental wine farm. Since 1975 the farmlands of the farm Hoop op Constantia, as well as a portion of the farm Nova Constantia, have been purchased by the State. Portion 2 of Tokai State Forest 129, covening 22,1725 hectares, was declared part of the Groot Constantia State Estate in 1978. The wines produced on this farm are already world famous.

The Cape Dutch Groot Constantia manor house, which was built by Simon van der Stel in 1692, was destroyed by fire on 19 December 1925. The house was restored in 1926–27 by the architect F. K. Kendall.

The Cape Dutch manor house known as Hoop op Constantia (formerly Klein Constantia) is a U-shaped house with only three gables.

The Groot Constantia manor house is at present used as a museum by the South African Cultural History Museum.
10/2/1086.

G. VAN N. VILJOEN, Minister of National Education.